

Universiteit van Pretoria

MAATSKAPLIKE WERK-OPLEIDING: STRUKTUUR EN PERSPEKTIEF

CURRICULUM VITAE

VAN PROF E A K HUGO BY GELEENTHEID VAN SY INTRIFEREDE AS PROFESSOR IN EN HOOF VAN DIE DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK, FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE IN DIE SENATSAAL, ADMINISTRASIEGEBOU OP DONDERDAG, 18 SEPTEMBER 1985 OM 19h30

Etienne Anton Klapper Hugo is op 27 Februarie 1938 in die distrik Robertson in die Kaapprovinsie gebore. In 1953 matrikuleer hy aan die Robertsonse Hoërskool en behaal tussen die jare 1954 en 1958 drie diplomas in Openbare Gesondheid aan die Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderrig te Kaapstad en Pretoria.

MAATSKAPLIKE WERK-OPLEIDING: STRUKTUUR EN PERSPEKTIEF

PROF E A K HUGO

Op 1 Januarie 1974 word hy tot senior lektor bevorder en op 1 Januarie 1981 tot medeprofessor. Hierdie posisie het hy beklee tot einde 1984 met sy bevordering tot professor in en hoof van die departement Maatskaplike Werk.

Intreerede gelewer op 19 Sept. 1985 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Maatskaplike Werk, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, aan die Universiteit van Pretoria.

Hy het op sy vakgebied talie referate gelewer, aan verskeie navorsingsprojekte deelgeneem en ook as projekteur opgetree.

Buitelandse besoeke in 1974, 1976 en 1979 het hom in staat gestel om maatskaplike werk-opleiding op internasionale vlak te ondersoek. Hy is dan ook 'n lid van die "International Association of Schools of Social Work".

As kundige op die gebied van gemeenskapswerk en gemeenskapsonwikkeling word professor Hugo deur staatsinstellings benut.

Hy is lid van verskeie rade, komitees en verenigings, onder meer die Streekwelsynraad van die Noordelike Gebiede (Swartea) en die Streeksont-

CURRICULUM VITAE

VAN PROF E A K HUGO BY GELEENTHEID VAN SY INTREEREDE AS PROFESSOR IN EN HOOF VAN DIE DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK, FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE IN DIE SENAA-TSAAL, ADMINISTRASIEGEBOU OP DONDERDAG, 19 SEPTEMBER 1985 OM 19h30

Etienne Anton Klopper Hugo is op 27 Februarie 1936 in die distrik Robertson in die Kaapprovinsie gebore. In 1953 matrikuleer hy aan die Robertsonse Hoërskool en behaal tussen die jare 1954 en 1958 drie diplomas in Openbare Gesondheid aan die Kolleges vir Gevorderde Tegnieise Onderrig te Kaapstad en Pretoria.

In 1962 registreer hy as buitemuurse student aan die Universiteit van Pretoria en behaal in 1965 'n BA-graad in Maatskaplike Werk. Daarna verhuis hy na George, in die Kaapprovinsie, en skryf aan die Universiteit van Port Elizabeth in vir die graadkursus BA(Hons) in Maatskaplike Werk. Gedurende die jare 1966—67 doen hy waardevolle ondervinding op in die veld van Maatskaplike Werk. Na die behaling van die BA(Hons)-graad in 1967, word hy vanaf 1 Januarie 1968 as junior lektor in die departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria aangestel waar hy in 1970 die MA(MW)-graad met lof behaal. In Maart 1973 promoveer hy met 'n proefskrif getitel "n Fundering van die Maatskaplike Werk as Wetenskap".

Op 1 Januarie 1974 word hy tot senior lektor bevorder en op 1 Januarie 1981 tot medeprofessor. Hierdie posisie het hy bekleed tot einde 1984 met sy bevordering tot professor in en hoof van die departement Maatskaplike Werk.

Gedurende sy akademiese loopbaan het 'n twaalfstal wetenskaplike publikasies uit professor Hugo se pen verskyn.

Hy het op sy vakgebied talle referate gelewer, aan verskeie navorsingsprojekte deelgeneem en ook as projekleier opgetree.

Buitelandse besoeke in 1974, 1976 en 1979 het hom in staat gestel om maatskaplike werk-opleiding op internasionale vlak te ondersoek. Hy is dan ook 'n lid van die "International Association of Schools of Social Work".

As kundige op die gebied van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling word professor Hugo deur staatsinstellings benut.

Hy is lid van verskeie rade, komitees en verenigings, onder meer die Streekwelsynsraad van die Noordelike Gebiede (Swartes) en die Streeksont-

wikkelingsadviesraad van die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning (Streek G). Verder is hy ook ondervoorsitter van die Daspoort Polikliniek Advieskomitee, die Streekswelsynsraad van Noord-Transvaal (Blankes), Voorsitter van die werkgroep vir maatskaplike ontwikkeling van die Streeksontwikkelingsadvieskomitee (Streek G) en Erepresident van die maatskaplike werk-studentevereniging.

Professor Hugo het 'n lewendige belangstelling in studente-aktiwiteite en die studenteverenigingslewe op die kampus. Hy word gereeld as adviseur betrek by studente-maatskaplike projekte.

Dit is nou vir my 'n genoë om professor Hugo te versoek om sy intrede te lewer oor die onderwerp *Maatskaplike Werk-opleiding: Struktuur en Perspektief*.

SOCIAL WORK TRAINING: STRUCTURE AND PERSPECTIVE

SUMMARY OF INAUGURAL SPEECH DELIVERED BY PROF DR E A K HUGO ON THE OCCASION OF BECOMING HEAD OF THE DEPARTMENT OF SOCIAL WORK AT THE UNIVERSITY OF PRETORIA ON THURSDAY 19 SEPTEMBER 1985

Although social work as a profession has a lengthy prehistory (of nearly 18 centuries B.C.) social work as an art is relatively new.

The training of social workers at tertiary institutions commenced in 1904 in the USA. At home the first degree course in social work was offered at the University of Pretoria in 1929.

The development of social work as a science can be primarily attributed to practical experience recorded over the past century. This experience has been tested and refined according to theories, as well as that of other related disciplines.

The curriculum for social work training is based primarily upon two components, namely the scientific philosophy and methodology component. The first-mentioned component, although eclectic composed of a variety of relevant disciplines, is strongly supported by the theory of social work practice.

Owing to the fact that social work practice until recently primarily responded reactively to social problem phenomena, the training has been adapted accordingly so that practitioners are able to deal with a wide variety of problems. This state of affairs resulted in the curriculum being congested and very segmented.

Through the use of the intulogical model the training of social workers, in the light of all the important features of human development and the person-in-relation situation, can be regulated in such a manner that preparation of social workers for the field will be able to commence orderly and logically.

Through scientific classification it is clear that undergraduate training should be of generic nature while certain specialised fields should receive attention on a post-graduate level.

MAATSKAPLIKEWERK-OPLEIDING: STRUKTUUR EN PERSPEKTIEF

Antropologies-fenomenologies beskou is Maatskaplike Werk 'n kunde en 'n profesie wat afgestem is op hulpverlening aan 'n medemens in nood.

Die nood van die mens omvat 'n kaleidoskopiese verskeidenheid van probleme wat verband hou met sy verhouding tot homself, die dinge, ander mense en met God.

1. HISTORIESE OORSIG

Maatskaplike Werk wat in sy oervorm niks anders as medemenslike hulpbetoon was nie, is so oud soos die mensdom self. Hoewel die eerste georganiseerde maatskaplike hulpverlening eers in die laaste deel van die agtiende eeu voorkom word daar reeds in die Babiloniese wette soos opgeteken in die Kode van Hammurabi (\pm 1792 — 1750 V.C.) voorsiening gemaak vir die beskerming van vroue en kinders. (1: 501—502).

In hierdie tydperk is maatskaplike hulpverlening deur verskillende motiewe geïnspireer en op 'n verskeidenheid van wyses verleen. So het die Griekse en Romeinse beskawings, die koms van Christus, die feodalisme en die nywerheidsomwenteling belangrike invloede uitgeoefen. (Verwys Queen 1922 en Kamphuis 1953).

Die Hamburg-Elberfelder stelsel van georganiseerde maatskaplike hulpverlening (1788—1852) het gevolg: "Die stede is in wyke verdeel, die wyke verder in distrikte wat elkeen onder 'n superintendent geressorteer het. (Verwys 4: 69). Van belang is die feit dat in hierdie stelsel die beginsel van *individualisering van die noodsituasie* asook die *individualisering van hulpverlening* posgevat het. Van 1887 af word statistiek versamel ten einde oorsake, getal en tipe probleme vas te stel.

Die Charity Organization Society van Amerika het *kriteria vir hulpverlening* geformuleer en aangedring op *behoorlike diagnose* van elke noodsituasie. In hul jaarverslag van 1883 word *eenheid van optrede en metodiek* asook die noodsaaklikheid van beter opleiding bepleit. Hierdie vereniging het hom verder beywer vir hervorming en die regstelling van eksterne faktore in die maatskaplike organisasie soos behuising, beter gesondheids- en sanitêre fasiliteite, verpligte onderwys, voorsiening van ontspanningsfasiliteite in digbewoonde gebiede asook maatskaplike wetgewing in die algemeen. Hierdie benadering staan vandag bekend as *gemeenskapswerk*.

Uit voorafgaande spruit dat Mary Richmond in 1897 'n opleidingskool vir maatskaplike werk voorstel: "We owe it, she said, to those who shall come after us that they shall be spared the groping and blundering by which we have acquired our own stock of experience" (6: 43). Hierdie pleidooi het gelei tot die stigting van die Columbia University School of Social Work in New York 1904. In dieselfde tydperk is daar ook in Nederland 'n skool vir maatskaplike werk gestig.

'n Volgende bydrae naamlik die van Octavia Hill (1839–1912) tot georganiseerde maatskaplike hulpverlening dien verder gemeld te word. Sy het die *werker/kliënt verhouding* ontwikkel.

Hier in Suid-Afrika het die Universiteit van Kaapstad in 1924 'n kursus in Sosiale Studies ingestel. (Verwys Helm, 1964.)

Die eerste graadkursus vir Maatskaplike Werk is by die Universiteit van Pretoria in 1929 ingestel met my geagte leermeesters en voorgangers, G. Cronje, J.E. Pieterse en I.J.J. van Rooyen as die onderskeie departementshoofde oor 'n tydperk van ongeveer vyftig jaar. Maatskaplike Werk het tot 1973 onder die departement Sosiologie geressorteer waarna dit 'n onafhanklike departement geword het. Maatskaplike werkers word aan al die Suid-Afrikaanse universiteite en enkele kolleges sowel as die Universiteite van Bophuthatswana en Transkei opgelei. Die Gesamentlike Universiteitskomitee (G.U.K.) vir maatskaplikewerk-dosente besin jaarliks oor die opleiding en is by die Internasionale Vereniging van Skole vir Maatskaplike Werk (IASSW) geaffilieer.

Op 27 September 1951 is 'n beroepsvereniging gestig wat vandag bekend staan as die Maatskaplikewerkevereniging van Suid-Afrika.

In 1955 erken die Staat maatskaplike werk as profesie en Volkswelsyn beaampertes kry vakkundige status.

Die eerste vaktydskrif vir Maatskaplike Werk, onder die redaksie van prof Erica Theron, sien in 1965 die lig.

In 1971 verskyn die eerste Woordeboek vir Maatskaplike Werk en die eerste Tweetalige Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk maak in 1984 sy verskyning. Hiermee neem maatskaplike werk sy volwaardige plek in tussen die ander vakdissiplines.

Met die instelling van die Raad vir Maatskaplike en Geassosieerde Werkers in-gevolge Wet 110 van 1978 op 16 Januarie 1980, bereik die profesie 'n verdere mylpaal.

Die Raad stel hom ondermeer ten doel om die opleidingstandaard te verhoog en die studie van maatskaplike werk aan te moedig.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat Maatskaplike Werk sy plek as professione tussen die ander helpende professies verwerf het en internasionaal beoefen en erken word.

2. 'N PERSPEKTIEF OP MAATSKAPLIKWERK-KUNDE

Soos in die geval van die meeste ander helpende professies het maatskaplike-werk-opleiding ontwikkel soos wat behoeftes in die gemeenskap ontstaan het. Die opleiding het ten doel om studente wetenskaplik, gestruktureerd en doelgerig toe te rus vir hul toekomstige taak.

Die leerplanstudie van die "Council on Social Work Education" het tot die gevolgtrekking gekom dat veral die volgende twee komponente in die leerplan ingesluit behoort te word, te wete:

- (i) Die wetenskaplik-filosofiese komponent; en
- (ii) die metodeskomponent (Verwys: Boehm, 1959: 74).

Die wetenskaplik-filosofiese komponent is die basis waarop die metodeskomponent gebou word.

Hierdie komponent sluit dié wetenskaplike kennis in, wat toepaslik is in die maatskaplikewerk-houdings en -waardes, waarop al die professionele aktiwiteite ten opsigte van die individu, die groep en die gemeenskap asook die veelheid en kompleksiteit van verhoudinge wat daaruit voortspruit, berus. Hierdie kennis word hoofsaaklik verkry van die natuurwetenskappe, die humaniora en die sosiale wetenskappe. Die bybring van kennis uit ander dissiplines geskied in drie stadiums van selektering. Die eerste stadium is wanneer konsepte uit die dissiplines waarin hulle oorspronklik verskyn, uitgelig en in 'n interdissiplinêre konfigurasie aangebied word. Die keuse van die besondere kennis wat uit die sosiologie, sielkunde, sosiale sielkunde, biologie en ander wetenskappe verkry word, word uitsluitlik bepaal deur hulle toepaslikheid. Van belang is veral individuele gedrag, groepsgedrag en sosiokulturele faktore. Laasgenoemde kennis word verkry uit die ekonomie, regs wetenskap, geskiedenis, aardrykskunde, opvoedkunde, staatsleer, sosiologie, antropologie en die sielkunde en dui grootliks op die maatskaplike instellings met hul maatskaplike, ekonomiese, staatkundige en kulturele determinante. (Vgl. Boehm 1959).

Wat groepwerk betref en die begryping van groepstruktuur en -funksie, die

aanslag van die sosiokulturele milieu op groepsgedrag, die bepalende faktore vir groepsoptrede en die verskil daarvan met individuele gedrag, put die maatskaplike werk hoofsaaklik uit die sosiale sielkunde, antropologie en die sosiologie.

Vir kennis oor individuele gedrag word in 'n hoë mate gesteun op die biologie, psigologie en die sosiale sielkunde.

Die waardeskomponent van die maatskaplike werk word van die wysbegeerte en etiek verkry. Die sintetisering van kennis, ten einde 'n geheelheid te vorm word soos volg deur Boehm saamgevat: "Since the three frames of reference are not mutually exclusive, the next step in bringing the three areas closer to usefulness for social work practice may be accomplished by organising the concepts of the three core areas into an analytic framework called the ingredients of the profession of social work, which would focus upon the following concepts: Society and community, the agency, the social worker, the user of services and the process of providing service. Examined in the light of these concepts, the content learned in the three core areas is given a more specific focus to social work as a profession" (8: 78).

Die tweede stadium is fokussering. Hier word die bruikbaarheid vir maatskaplikewerk-praktyk van die kennis wat in die eerste stadium verkry is, duidelik gemaak. Van belang in hierdie stadium is die drie gebiede wat die inhoud bepaal naamlik welsynsbeleid en -dienste, menslike groei en gedrag en waardes en etiek.

Die metodeskomponent behels as derde stadium die werkswyse waardeur die kennis, waarna in die eerste twee stadiums verwys is, deur skoling, ondervinding en inoefening toegepas word.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die maatskaplikewerk-kunde ondermeer op kennis berus wat eklekties uit 'n verskeidenheid van ander dissiplines oorge neem, aangepas en verwerk is. Maatskaplikewerk-kunde berus egter ook op 'n kennisgeheel waarvoor, De Vos die volgende mening huldig: "... Die inhoudelike wat sistematies en ordelik aangebied word is veralgemenings en beginsels. Veralgemenings, weet ons, is die essensie van wetenskaplike resultate en beginsels is riglyne vir optrede. Hierdie ordelike sisteem van veralgemenings en beginsels word ontwikkel "in assosiasie met" die praktyk van 'n vakdissipline. Die inhoud van die teorie bestaan dus uit inhoud van die praktyk as 'n intellektuele dissipline. Dit beteken dat die teorie van 'n praktyk bestaan uit die praktyk van praktyk — maar nou net in opgeskrewe, gesistematiseerde, ordelike en, indien daar ook aan ander wetenskaplike vereistes voldoen word, wetenskaplike vorm" (9: 88).

Verder het die maatskaplike werk veral drie werkswyse of metodes ontwikkel

om die individu, die groep en die gemeenskap in nood te steun. Die doeltreffende implementering van die metodiek berus op administrasie en organisasie en word gerugsteun deur maatskaplikewerk-navorsing.

Op voorgraadse vlak word daar behalwe vir die ontwikkeling van hulpverleningsmetodes meer in besonder aandag gegee aan kindersorg, gesinsorg, die maatskaplike probleme van die bejaarde, die persoon wat fisiek en psigies gestremd is, die alkoholis en dwelmverslaafde, persone in gevangenis, die sieke in die hospitaal, persone met huweliksprobleme, die bedryfswerker ensomeer.

Sommige van die reeds gemelde probleemgebiede vereis egter gespesialiseerde kundigheid en daarom is die driejarige kursus na 'n vierjarige graadkursus verleng. Ook bied verskeie Suid-Afrikaanse Universiteite nou nagraadse spesialisingskursusse aan, soos byvoorbeeld in huweliksvooringting en -beraad en psigiatriese maatskaplike werk.

Aan die Universiteit van Pretoria word 'n gedoseerde magisterkursus in Supervisie sedert 1982 op 'n deelytdse basis aangebied. 'n Gedoseerde magisterkursus in Geneeskundige Maatskaplike Werk is in dieselfde jaar in samewerking met die Departement Huisartskunde, die H F Verwoerd-hospitaal en die Kalafong-hospitaal ingestel. Altwee die kursusse word tans hersien met die oog op vaartbelyning en die akkommodering van meer studente.

Beide die kursusse strek oor drie semesters en behels teoretiese en praktiese werk asook 'n skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp.

Met die vinnige ontwikkeling en verandering op feitlik elke gebied wat die mens raak en die eise wat aan praktiserende maatskaplike werkers gestel word, word die behoefte aan 'n verbeterde en nog meer gespesialiseerde opleiding al hoe groter. Die aanvraag vir simposia, konferensies, kort- en opknappingskursusse wat deur my Departement ontvang word, spreek hiervan.

3. MAATSKAPLIKWERK-OPLEIDING: STRUKTUUR EN PERSPEKTIEF

3.1 Oriëntering

Omdat maatskaplikewerk-hulpverlening op die mens gerig is en meer bepaald op die persoon-in-relasie, is dit belangrik dat menslike volgorde-ontwikkeling asook die feit dat die mens as individu onlosmaaklik gebonde is aan tyd- en ruimtelike situasies met bepaalde aspekte, die vertrekpunt by 'n beskouing oor hulp aan die mens-in-nood sal wees.

Verder stel die mens se ontwikkeling sy betrokkenheid in sy bewoning van die aarde in volgorde — en blyk dit duidelik dat die mens as *totaliteitswese* nie van die volgende losgemaak kan word nie:

- (i) Sy individuele moontlikhede
- (ii) Sy gesinsverbondenheid
- (iii) Sy gemeenskaps, lands- en volksgebondenheid
- (iv) Sy kerk, omgewing en arbeidsgebondenheid
- (v) Sy akademiese verbondenheid
- (vi) Sy beroeps- en wêreldgesitueerdheid


Die mens se ontwikkeling (vanuit 'n historiese ontwikkelingsperspektief gesien) het ook die volgende verbandhoudende aspekte:

- (i) Religie/lewensbeskouing/waardesisteem
- (ii) Politiek/strategie/gesagsisteem
- (iii) Ekonomie/gemeenskapsisteem
- (iv) Onderwys/reg-en-orde/evalueringsisteem
- (v) Wetenskaplike kennis/Maatskaplike Werk as Wetenskap/Navorsing-sisteem
- (vi) Tegnologie/Maatskaplikewerk-metode en -tegniek/Hulpverlenings-sisteem (Vergelyk 10:43).

Gekoppel aan bovermelde onveranderlikes is die maatskaplike werker en die persoon wat maatskaplikewerk-hulp benodig (die kliënt) ook onlosmaaklik in 'n wêreld wat onder andere die onbehoorlike verteenwoordig. Hoewel onbehoorlike of afwykende gedrag 'n baie relatiewe aangeleentheid is en ook tydruimtelik en kultuurgebonde is, is dit vir die maatskaplike werker nodig om kennis van hierdie verskynsels te hê. Dié kennis behels nie net 'n studie van die verskynsel byvoorbeeld verslawing, seksuele wangedrag ensameer nie, maar ook 'n studie van die hulpverlening.

Die maatskaplike werker bestudeer die verskynsel as sodanig in die psigologie en die sosiologie. Die kundigheid hoé om hierdie persone te help, word deur

middel van die maatskaplikewerk-kunde bekom. Die fasette van onbehoorlike of te wel afwykende gedrag kan soos volg voorgestel word.



Wanneer die bovermelde struktuur in verband gebring word met die mens se verhouding tot die werklikheid, word 'n geheeloorsig verkry van die onveranderlikes waarmee die maatskaplike werker te doen kry. Maar omdat daar dinamiek in die onveranderlikes is, en die maatskaplike werker gevolglik ook voortdurend met veranderlikes te make het, moet hy des te meer oor 'n hoë vlak van kundigheid en bedrewenheid beskik. Verder moet hy sy plek in die praktyk kan volstaan dikwels met 'n minimum van indiensopleiding en/of supervisie.

3.2 Opleidingsmoontlikhede

Met die wete dat die Raad vir Maatskaplike en Geassosieerde Werkers tans met omvattende navorsing oor maatskaplikewerk-opleiding besig is en dat prof Van Rooyen se navorsing oor leerplanbou reeds in 'n gevorderde stadium is, word die volgende opleidingsmoontlikhede slegs in perspektief geplaas.

3.2.1 Algemeen fundamentele, dit wil sê generiese opleiding op voorgraadse vlak

Eerstens behoort hierdie opleiding 'n teoretiese kennis geheeloorsig te bevat wat die individu, die gesin en die gemeenskap en die veelvuldigheid van die mens se verhouding tot die werklikheid, insluit. Hoewel die student baie van hierdie kennis vanuit die sielkunde en die sosiologie bekom, het die maatskaplikewerk-kunde 'n spesifieke en baie noodsaaklike bydrae om te lewer.

Die metodeskomponent, soos voorheen reeds aangetoon, neem tweedens 'n belangrike plek in die opleiding in. Die té eng metodes-gerigte benadering tot maatskaplike probleme en hulpverlening wat tot nou toe gevolg is, behoort egter plek te maak vir 'n breër-visie benadering sodat die maatskaplike werker, meer as wat tans die geval is na die gemeenskap sal uit beweeg, die maatskaplike probleme op makro- en meso-vlak sal diagnoseer en aanspreek, en waar daar nie steunstelsels soos byvoorbeeld dagversorgingsgeriewe vir voor-skoolse kinders, hulpsetra vir persone met huweliksprobleme, dienssentrums vir bejaardes ensomeer bestaan nie, die leiding moet neem om dit tot stand te bring. Met hierdie klemverskuiwing in maatskaplikewerk-hulpverlening waar positiewe kragte in die gemeenskap toenemend gemobiliseer word om negatiewe faktore uit te skakel, sal die maatskaplike werker meer tyd en ruimte hê om aan die individu, met spesifieke nood, professionele aandag te kan gee.

Derdens is 'n intensiewe studie van afwykende sowel as normale en behoorlike gedrag noodsaaklik ten einde relevante kriteria op te stel wat tred hou met die snel veranderende maatskaplike verskynsels.

Vierdens behoort maatskaplikewerk-administrasie met 'n baie groter komponent personeel- en finansiële bestuur, as wat tans die geval is, deel van die voorgraadse kursus uit te maak. Die vakkundige in die huidige tydsgeewig moet meer koste-effektief funksioneer.

Vyfdens behoort navorsing meer aandag in die leerplan te geniet. 'n Navorsingsingesteldheid moet reeds op voorgraadse vlak gestimuleer word en die student moet bewus wees dat sy dagtaak altyd die moontlikheid van waarneming, versameling van gegewens, vergelyking, eksperimentering en verslagskrywing inhou.

Sesdens maak praktiese werk 'n onlosmaaklike deel van die opleiding uit. Myns insiens behoort die status-quo ten opsigte van die praktiese deel van die opleiding gehandhaaf te word met die uitgangspunt dat praktika wetenskaplik beplan en gestruktureerd moet wees ten einde die maksimum leerervaring binne die minimum tydsbestek en koste te waarborg.

Laastens behoort die konsep — "voorkoming is beter as genesing", te seëvier en behoort alle aspekte van die voorkoming van maatskaplike nood bestudeer te word.

Die vraag is nou: "Hoe kan die bogemelde inhoude sinvol in 'n vierjaar-program aangebied word"? Van belang hier is die volgende: Eerstens 'n wetenskaplike bepaling van die doel waarheen die opleiding moet lei. Tweedens oor watter noodsaaklike vakkundige toerusting die maatskaplike werker moet beskik.

Die volgende is ook belangrik:

- Die uitskakeling van oorkontrolering van die student ten opsigte van die teoretiese sowel as die praktiese deel van die opleiding.
- Die aanmoediging van selfstandigheid en selfstudie by die student - asook beter benutting van die biblioteek.
- Toenemende gebruikmaking van die laboratorium en simulasië-tegnieke.
- Die inkorporering van die rekenaar in die onderrig,
- en die keuring van studente by toelating tot die kursus.

3.2.2 Tweedevlak-opleiding of te wel spesialisering op nagraadse vlak

Gevorderde opleiding is verder hoofsaaklik nodig vir drie kategorieë maatskaplike werkers.

Vir diegene wat op 'n terrein gaan praktiseer waar gespesialiseerde kennis vereis word, byvoorbeeld geneeskundige maatskaplike werk, psigiatriese maatskaplike werk en dies meer.

Tweedens vir die maatskaplike werker wat op die middel- en topbestuursvlak van 'n welsynsinstansie as supervisor moet werk.

Derdens is gespesialiseerde opleiding nodig vir dié persoon wat as private praktisyn sy eie praktyk wil inrig.

Die volgende spesialisingsgebiede word vervolgens kortliks aan die orde gestel.

3.2.2.1 Maatskaplike werk met die individu as uitgangspunt

Spesialisering op hierdie vlak het te make met individue wat opvallend is as gevolg van spesifieke geremdhede (ophefbare afwykinge) en spesifieke gestremdhede (onophefbare afwykinge) soos byvoorbeeld die fisiek- en psigiesgestremde, die siek persoon in die hospitaal wat dus geneeskundige maatskaplikewerk-hulp benodig, die persoon in aanhouding, die alkohol- en dwelmverslaafde, ensomeer. Baie fasette van hooggespesialiseerde maatskaplikewerk-hulpverlening aan die individu byvoorbeeld aan die dowe, word nog nie in die opleiding ingesluit nie en behoort meer aandag te ontvang.

3.2.2.2 Maatskaplike werk met die gesin as uitgangspunt

Gespesialiseerde kennis is veral nodig met betrekking tot: Al die vlakke van

kindersorg waaronder die sorgbehoewende en gefolterde kind, die kind in die inrigting en die hoogs begaafde kind. In hierdie afdeling behoort ook voorkomende werk met kinders ingesluit te word.

Gesins- en kinderterapie, pleegsorg, aannemingsorg en enkelouersorg word hier bestudeer.

Al die fasette van huweliksvoorligting en -beraad verdien besondere aandag. Veral gesien in die lig van die nuwe bedeling rondom die gesinshowe en die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker ten aansien daarvan, behoort hierdie afdeling tot 'n volwaardige spesialiseringstrigting te ontwikkel.

3.2.2.3 *Maatskaplike gemeenskapswerk*

Die omvangryke en ingewikkelde aard van maatskaplike probleme noodsaak 'n klemverskuiwing van 'n individuele na 'n gemeenskaps- en omgewingsbenadering. Hierdie spesialiseringsterrein hou hom besig met die voorkoming en oplossing van maatskaplike probleme met die volgende doelwitte: Maatskaplike ontwikkeling, die koördinering van bestaande dienste, voorkoming van maatskaplike wantoestande, behoeftebevrediging op die maatskaplike terrein en maatskaplike probleemoplossing. Aangesien die maatskaplike werker in die toekoms toenemend betrokke sal raak by multi-dissiplinêre skakeling en beplanning, is dit nodig dat hy gevorderde kennis sal hê van welsynsbeleid en welsynstruktuur, asook van maatskaplike beplanning op die plaaslike-, streeks- en nasionale vlak. Hy sal op hoogte moet wees van die gemeenskapsontwikkelingstrategie, die streekontwikkelingstrategie en die bevolkingsontwikkelingsprogram.

3.2.2.4 *Supervisie*

Supervisie is "n proses waardeur die supervisor die maatskaplike werker help om teorie en praktyk te integreer, selfpersepsie te verhoog en eie gevoelens te hanteer en te kontroleer met die oog op doeltreffende professionele dienslewering" (11: 46).

Die supervisor moet vanuit middelvlakbestuur hierdie effektiwiteit en doeltreffendheid koste-effektief by onervare werkers bewerkstellig. Die nagraadse opleiding van supervisors behoort behalwe vir gespesialiseerde kennis oor supervisie as sodanig, ook 'n studie van die ander spesialiseringstrigtings te maak.

3.2.2.5 *Skoolmaatskaplike werk*

Ten spyte van uitmuntende navorsing⁽¹²⁾ wat die afgelope dekade hier te lande

gedoen is oor die belang van skoolmaatskaplike werk as spesialisingsrigting, was daar sover weinig vordering gemaak op die gebied van opleiding. In die Verslag van die Hoofkomitee — ondersoek na die onderwys, wat in Oktober 1981 beskikbaar gestel is, word ondermeer die volgende funksies aan die skoolmaatskaplike werker toegesê: Deelname aan voorligtingspanwerk. Gesinsbegeleiding, kindersosialisering, hantering van oorgangsprobleme en skakeling met skole om ouerbetrokkenheid te bewerkstellig, ensomeer. (Verwys 13: 99.)

3.2.2.6 *Bedryfs Maatskaplike Werk*

Hierdie spesialisingsrigting is daarop gerig om die lewensomstandighede van individue, groepe en gemeenskappe in die bedryfsituasie te verbeter met die oog op die bevordering van gunstiger bedryfstoestande.

3.2.2.7 *Maatskaplikewerk-navorsing as spesialisingsrigting*

Hierdie afdeling omvat navorsing oor die wetenskaplik-filosofiese sowel as die metodekomponent van die maatskaplike werk.

Ten einde die opleiding op die verskillende spesialisingsgebiede af te rond is praktiese werk wat toegespits is op 'n bepaalde gebied vanuit 'n persoon-in-omgewing benadering noodsaaklik.

Ten slotte, doen my personeel reeds omvattende gemeenskapsdiens op plaaslike en streeksvlak en word daar beplan om toenemend betrokke te raak by gemeenskapsdiens in onderontwikkelde gebiede.

Van hierdie jaar af word toelatingstentamina vir magisterstudie vereis en beplan ons om dit ook van volgende jaar af vir voornemende doktorsale studente in te stel. Hiermee word die opgradering van nagraadse studie beoog.

Tans word navorsing in my Departement onderneem om vas te stel wat die omvang, aard en gehalte van maatskaplikewerk-navorsing in Suid-Afrika is en om te bepaal watter velde nog vir navorsing braak lê.

Interne navorsing oor leerplanbou is tans in die beplanningstadium.

My Departement stel hom ten doel om deur middel van uitmuntende onderrig, maatskaplike werkers van gehalte vir 'n veeleisende professie voor te berei.

BRONNELYS

1. DOUGLAS, J.D. (ORG. ED.) *et al.*: 1974. The new BIBLE dictionary. Intervarsity press, 39 Bedford Square, London.
2. QUEEN, S.A.: 1922. Social work in the light of history. Lippencott, Philadelphia.
3. KAMPHUIS, M.: 1953. Helpen als ambacht. Bosch & Keuning, N.V. Baarn.
4. ELOFF, D.J.: 1967. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die sosiologiese aspekte van hulpverlening in die ontwikkeling van maatskaplike werk. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
5. FINK, A.E. *et al.*: 1974. The field of social work. Holt Rinehart & Winston Inc., New York.
6. RICH, M.E.: 1956. A belief in people. A history of family social work. F.S.A.A. New York.
7. HELM, B.: 1964. Thirty years of social work training in South Africa. Board of Sociological Research, University of Cape Town.
8. BOEHM, WERNER: 1959. Objectives of the Social Work Curriculum of the future. (Vol. 1). Council on Social Work Education. New York.
9. DE VOS, A.S.: 1984. Maatskaplike werk as wetenskapsbeoefening. *Maatskaplike Werk/Social Work*. Jaargang 20, Nr. 2, Junie 1984. pp. 86—93.
10. NEL, W.M.J.: 1984. 'n Intologiese model vir kinderleiding en maatskaplike werk. 'n Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Universiteit van Pretoria.
11. VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK: 1984. Tweetalige definiërende woordeboek vir maatskaplike werk. Staatsdrukker, Bosmanstraat, Pretoria.
12. ROCHER, H.J.W.: 1977. An investigation into the role of school social work with special reference to the Republic of South Africa. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, U.P.
13. GROENEWALD, J.P.: 1982. Enkele implikasies van die "ondersoek na die onderwys", vir die Sosiologie en die Maatskaplike Werk in die R.S.A. *Maatskaplike Werk/Social Work*. Jaargang 18, Nr. 2, Junie 1982. pp. 92—99.